SAKE 24 (Burger Kaap), Saterdag
17 Dec 2011, p.17

BELEGGING

Maak seker skema is die ware Jakob

Oppas vir aanbiedinge wat te hoë opbrengs beloof

Beleggers moet in die huidige moeilike tye pasop vir die beleggingskemas wat byna weekliks in koerante geadverteer word.

Mnr. Gavin Came, voorsitter van die finansiëlebeplanningskomitee van die vereniging vir finansiële tussengangers (FIA), sê baie beleggers soek in die moeilike tye na beleggingsprodukte wat 'n hoë opbrengs waarborg.

Hy waarsku egter in 'n verklaring dat mense moet seker maak hulle verstaan die aanbod.

"Verbruikers het al slagoffers van beleggingskemas geword wat in koerante geadverteer is. Hulle glo dit moet eg wees omdat die advertensie in 'n betroubare koerant verskyn het," sê hy.

"Mense moet egter besef dat enigiemand 'n advertensie in 'n koerant of tydskrif kan plaas. Dit is nie die verantwoordelikheid van die koerant om die geldigheid var die produk wat geadverteer word na te gaan nie, maar die belegger s'n."

Sy raad aan beleggers is om van geakkrediteerde finansiële raadgewers gebruik te maak en in produkte te belê wat deur die Raad op Firansiële Dienste (RFD) en die Reserwebank goedgekeur is.

Came sê daar is 'n paar dinge waarna 'n mens kan oplet om 'n bedenklike skema uit te ken – een is om versigtig te wees vir 'n produk wat 'n "buitengewone" opbrengs bied.

Wees ook versigtig vir enige produk wat 'n opbrengs "waarborg" – veral as die opbrengs meer as sowat 6% is, want 'n opbrengs van hoër as dít vereis gewoonlik dat 'n belegger 'n risiko loop. Hoewel risiko nie altyd 'n slegte ding is nie, is dit baie belangrik dat beleggers die risiko van 'n produk verstaan om seker te maak dit is geskik vir hul behoeftes.

Doen navorsing oor die beleggingsprodukte op die internet en vind die volgende uit:

- Wie die eienaars is, hoe die eienaarstruktuur van die maatskappy of belegging lyk en of dit genoteer is;
- Hoe lank die maatskappy sake doen. (Op die internet is dit egter maklik om voor te gee dat die maatskappy al jare lank in bedryf is);
- Die prestasie van die maatskappy en die grootte van sy beleggingsportefeulje; en
- Die mense wat by die maatskappy se bestuur betrokke is, geldige kontakbesonderhede en of jy 'n ontmoeting kan reël om die produk en maatskappy se geskiedenis met hulle te bespreek.

Came sê wanneer jy 'n beleggingsgeleentheid ondersoek, is dit belangrik dat jy vasstel of die produk by jou finansiële plan inpas. Vrae wat gestel moet word, is onder meer:

- Is dit 'n korttermynprodukt of 'n produk vir aftrede?
- Is dit 'n polis- of verseke-ringsprodukt? en
- Is dit likied? (Kan ek my geld terugkry wanneer ek wil?) As daar min of geen likiditeit is nie, moet jy meer daaroor probeer uitvind.

Dit is ook belangrik dat jy vasstel hoe jou geld gehou en belê gaan word deur die instelling wat jy oorweeg. Vind uit of die geld in 'n wettige beleggingsvoertuig is.

Vra jouself af: As die instelling misluk, sal ek my geld verloor of sal ek jare moet wag om weer my geld te kry?